KERSE EN WYN VIR MARRELEIN

DEUR

SD FOURIE

ROLVERDELING

1. MADELEIN……. (45 –verbitterd en emosioneel verward a.g.v. ……omstandighede)
2. LIZZIE……(50 Bruin huishulp – versorger, maar ook mentor)
3. MA…….(75 invalide gedeeltelik spraakverlies)
4. ALBERT……..(45 invalide gedeeltelik spraakverlies)
5. ALTER EGO……. (Madelein doebleer)
6. JANINE……..(Dié twee is “kopstemme” uit die verlede
7. MARIE …… eertydse vriendinne, maar ook klankbord en ……biegmoeders – Madelein speel al die rolle)

Kopiereg:

S.D. Fourie
Posbus 71
GANSBAAI
7220

KERSE EN WYN VIR MARRELEIN

Verhoog agter (av)- wasbak, deur en kombuiskas met kroegstoel

Links en regs is slaapkamers – slegs twee afskortings - links bed, tafel met radio met venster na buite (lv). Regs (rv) bed en tv. Slaapkamers gedempte beligting – pasiënt in elke bed. Links speel radio en regs tv op sportkanaal – aanhoudend, soms sagter en soms harder.

Middelverhoogl (mv) koffietafel en stoel

Dieselfde afskortings word later gebruik vir badtoneel

Lizzie was skottelgoed by wasbak, rug na gehoor. Neurie trekkerig "Gaan my nie verby, o Heiland." Madelein op kroegstoel by kombuiskas, krap lusteloos in bord kos.

MADELEIN: Ag nee hene, Lizzie. Kan jy nie iets beters neurie nie? Daai deuntjie maal nou al vir dae in jou kop. En dan rek en trek jy dit nog soos iemand wat 'n vetderm skoonmaak.

LIZZIE: Marreleintjie, jy het segen van bo nodig en sommer strome. Nie bietjies nie. My oorle ma het dit aljimmers gesing as die lewe. druk. Jou lang gesig sê vir my dis difficult times.

MADELEIN: Tjag Lizzie. Maar vir wat jy nou 'n treurmare aanhef oor my ellende, is ook my gat se deksel. Plaas dat jy saans saam met my eet. Nou word jou bord kos kamer toe gevat, die tafel in die eetkamer gedek vir "die mevrou" en mevrou hang hier teen die kombuiskas. Aand vir aand terwyl jy potte en panne was.

LIZZIE: (*Vorentoe)* Marrelein, ‘n mens moet nie loop slap lê nie. In dié dorp moet jy ‘n ordentlike staning mak. In die dag is jy Mevrou Swart en saans agter die toedeure……..

MADELEIN: Is ek die mal vrou wat tussen twee kamers rondhol en die aartsadder se gat was, ‘n ou vrou se doeke omruil *(huilend driftig)* en hoop en bid dat die see weer eendag my man op die land uitspoeg!

LIZZIE: Wat ek wou sê, is jy my Marreleintjie. Soos vanouds. Snags is ons tweetjies net ‘n muurdikte van mekaar. Albert se tv op sy sports en Ouma lê op die straat en kyk. Ek het die gordyne wyd oopgestoot.

MADELEIN: *(Huilend)* Vir wat kyk sy? Na Bloubaai se strate waar die fokkol blom?

Hier sit ek vasgekeer tussen ‘n draadloos wat in die een kamer soos ‘n brommer in ‘n blik dreun en ‘n tv wat sy keelgat uitblêr vir elke bal wat oorgestoot, geskop of gedruk word. Ek is partykeer lus en druk daai swerkater met sy alewige vinger op die remote se balle se wind uit.

LIZZIE: Jy is upset – maar nog nie te oud dat ek nie jou bek vir jou met blouseep kan uitwas nie! Kom ek maak vir jou ‘n lekker warm bad en dan loop kruip jy ook in. Ek sal die twee uitcheck. En, Marreleintjie, een van die dae gooi die Gelderland anker en dan is jou Daniël weer safe and sound by die huis. (*Stoot haar sagkens af)* Môre is ‘n ander dag.

MADELEIN: En dieselfde as gister en al die dae daarna!

Beide af Ligte doof

Gedempte lig mv. Bad met kerse op rand of tafel. Madelein met kamerjas steek kerse aan.

MADELEIN: So ja. Kerslig laat mens beter voel. En lyk.

Gooi kamerjas af en klim steunend in bad.

Ek sal moet briek aandraai. Een van die dae sit ek in die bad vas. (*Lag spottendl*)Wonder vir wie sal Liz opkommandeer om te kom help? Sy skaam haar dood as sy die buurman moet roep om haar kaalgat vet Mevrou uit die bad te help.

(*Voel na kardoes vol lekkergoed langs die bad en kou behaaglik*)

'n Glas wyn sou beter wees, maar om dit by Lizzie verby te smokkel,is 'n perd van 'n ander kleur.

LIZZIE: *(Roep van agter)* Marreleintjie! Het jy gepraat?

MADELEIN: Nee, Liz. Gaan slaap jy maar. Ek sal vir die twee luister en later hul ligte gaan afskakel. Nag Lizzie. Lekker slaap.

LIZZIE: Nag Marreleintjie. Roep maar as ek moet kom help om vir Ouma te draai. En moenie in die bad aan die slaap raak nie!

Lizzie se deur sleep krakend as sy dit toemaak

MADELEIN: Daar sleep Liz se deur toe. Soos 'n klip voor die gat. Afgesluit van als tot sy dit weer more wegrol. Nou is dit net ek. Ja, en die twee stommerikke in hul beddens met die enkele woorde wat hul oor en oor sê. Ennn…dieee…dieee enn. Dis om om van mal te word!

ALTER EGO: Skaam jou! Twee hulpelose mense aan hul beddens vasgekluister en totaal afhanklik van jou.

MADELEIN: Ek word fokken mal! My kop raas so dat ek presies weet wat elkeen vir my wil sê. Albert se ennn en Ma se diee! Jy *(sy spreek die kers aan)* weet dat ek goed na hulle kyk – al steek dit my dwars in die krop om daai aartsadder te versorg. Sy kak af te was, kwyle af te vee en dan nog help om hom by sy mammie se kamer te kry sodat sy, soos altyd, sy marbles kan polish.

Prop driftig nog lekkers in haar mond.

ALTER EGO: Jy eet al weer. Kyk hoe lyk jy.

MADELEIN: Dis my lyf.

ALTER EGO: Dik lyf.

MADELEIN: Dik of nie, maar myne. Dit kan beweeg, is nie vasgekluister aan ‘n bed nie. Kan nog liefhê. Word nog bemin……Soms.

ALTER EGO: Deesdae maar min. Wanneer laas het jy en Daniël…..

MADELEIN: Hy is selde of ooit hier. Wanneer laas was die skuit in die hawe en as hy hier is, moet Lizzie af kry en hoe maak mens liefde tussen doeke omruil en gatte was?

ALTER EGO: Het jy al ooit gewonder hoekom is die Gelderland altyd laat? Oor hy sukkel om kwota vol te vang of is dit teensin in jou lyf?

Geroep uit kamer.

MA: Diee…..die…..die die

MADELEIN: Ek kom, Ma. Ek kom! Droog net af.

Lig op lv Ma in bed. Madelein droog af, kamerjas oor en na lv. Bad word intussen verwyder.

Is daar fout, Ma?

MA: Die….die…die

MADELEIN: Wag laat ons voel of daar nattigheid is. Nee wat, alles kurkdroog. Kom drink ‘n slukkie water. (*Lig haar steunend op)* So ja. Ai Ma is al net so dik soos ek. Kom ons trek die kussings op. So ja. Ek skakel die radio af. Dis nou tyd vir slaap.

MA: *(Driftig)* Die die die

MADELEIN: Wat is dit nou, Ma? Moet ek nog bietjie gesels?

MA: Die

MADELEIN: Nou toe dan maar. Ek sit hier op die bankie dan kan Ma my sien. Die straatlig skyn hier in. Wag ek maak sommer die venster bietjie oop.

Ag hoe lekker stoot die wind van die see af. Hoor ma die krieke? Dit gaan ‘n goeie snoekjaar wees.

MA: Die (*instemmend soos ja)*

MADELEIN: Wie was almal vandag in die straat?

MA: Diee die die

MADELEIN: Oom Johannes? Seker see toe.

Stilte

MA: Die? Die?

MADELEIN: Wil Ma weet wat fout is? Ag Ma weet mos. Ek verlang na Daniël. En Albert was weer vandag sy moeilike self…….

MA: *(Opgewonde)* Die? Die?

MADELEIN: Skies Ma. (*tersyde*) Het al vergeet dat Ma niks verkeerd van die kroonprins wil hoor nie.
Nee Ma, dit gaan goed met hom. Ek het gister vir hom 'n nuwe hemp gekoop.

MA: *(Opgewonde)* Die..die..die

MADELEIN: (*Ergerlik)* Ja Ma, die kroonprins lyk mooi.

MA: *(Afgehaal)* Die …..diee.

MADELEIN: Toemaar, ek sal hom more help tot by Ma in die kamer. Dan kan julle tweetjies lekker gesels. *(Staan sugtend op)* Ek gaan nou ook maar inkruip. Nag Ma.

MA: *(Vraend soos kind)* Die-die?

MADELEIN: Ja, ja Ma. Ek sal vir hom se Ma se nag.

MA: *(Tevrede)* Diee.

Mad. Beweeg oor mv (donker) na lv.

Tv harder. Skakel tv ergerlik af.

ALBERT: *(Kwaad)* En? En?

MADELEIN: En nou gaan jy slaap dat die huis tot rus kan kom. Gee die remote hier! Daai vinger van jou staan al krom van lê op die knoppies.

ALBERT: (*Smekend, soos kind)* En? En? En?

MADELEIN: Nee Albert. Jy kan dit môre weer kry. Jou ma wil ook rus. En Lizzie ook. Môre is weer ‘n lang dag.

ALBERT: En …en?

MADELEIN: Ja ou mamma se seuntjie, dit gaan goed met haar.

ALBERT: *(Dikbek binnensmond)* Enenen enenen

MADELEIN: As jy vannag die klokkie druk voor die gemors die beddegoed tref, help ek jou môre na haar kamer ……

ALBERT: *(Opgewonde)* En en en en

MADELEIN: Onthou Albert, skoon bed. Nag Albert

ALBERT: *(Bang)* E ..e..n

Lig verdof

TONEEL 2

Madelein mv koffietafel en stoel lv en rv donker

Maak bottle wyn oop 3 glase en 2 kerse op koffietafel

Sophy en Janine is kopstemme

MADELEIN: So ja, almal in die bed en nou ‘n glasie wyn vir Lizzie se Marrelein. Oordags is ek mos Mevrou Madelein en saans, as sy troos, is ek net Marrelein. Net eers kerse aansteek. Die een is vir Marie. Mis haar so uit my restaurant-dae. En die bloue is Janine. Uit my hartseer blou dae toe my en Daniël se huwelik op die rotse was. Hoe het ons nagte om gesels en gehuil? Komaan girls, kan ek vir julle ook ‘n doppie gooi?

(Sy gooi vir haar en elke kers 'n dop. Drink, tussen gesels, haar eie en die ander en maak weer vol – drink weer etc)

MADELEIN: En vir jou Marie? Seker 'n bitterlike kleintjie. So het jy mos altyd na 'n lang aand ge"order". Hoeveel bitterlike kleintjies het ons laataand kaf gedraf ? Na al die borde kos wat ons uitgedra het stoep toe. Ons het gekook in daai klein kombuisie. Was darem lekker dae, nê Marie?

.MADELEIN: Maar jy't geluister. Soos nou. Ag Vader, dis hoekom ek julle oproep. Net om weer te praat. Hier sit ek dag vir dag vasgekluister in die huis. Ek kan my eie agterent nie draai nie. Weet al presies wat in die twee stommes se koppe aangaan. Dis mos wragtag nie waarvoor ek terug gekom het nie.

MARIE: Waarvoor het jy terug gekom?

MADELEIN: Vra jy? Omdat ek vir Daniël lief was. Nog altyd is.

JANINE: Die groot liefde! Waar is die groot liefde nou? Is jy nie offervaardig genoeg nie?

MADELEIN: Ek is vir Daniel nog net so lief. Maar die liefde verwag nou te veel.

MARIE: Die liefde bedek alles, glo alles, verdra alles……

JANINE: Die liefde vergaan nimmermeer……

MADELEIN: Wil julle vir my sê dat dié liefde verwag dat ek die aartsadder ook moet lief hê? Magtag, Janine, hy het my byna van als beroof. My man, my huis *(huilend)* en die kind wat ek soos my eie…….

MARIE: Dit was syne. Jy het nooit een van jou eie gehad nie.

MADELEIN: Ek weet. My God, hoe sal ek nie weet nie! Ek wat nagte omgehuil het oor een van my eie. Hy en sy merrie het daai weerlose kind weggegooi en ék het hom grootgemaak. Aan my bors vasgehou, gesus, getroos. *(Skree)* Hy was myne. Hoor julle my? Myne!

LIZZIE: *(Ruk haar kamerdeur oop)* Magtag! Marrelein, hoor jy nie? Ek skrou my keelgat uit terwyl jy hier op jou eis sit en suip en raas! Albert se klokkie skrou al seker ‘n kwartier aanmekaar. *(liz oor mv na rv- lig op bed agter skerm lig beddegoed op)* Sies! Albert het die hele bed bemors. Kom help hier Jy weet ek was nie die mansmens nie. Is jy oraait?

(*Madelein snuiwend en skuifelend nader. Albert kermend op bed en en en…)*

MADELEIN: Ja ja. Ek het sommer hier by kerslig sit en dink.

LIZZIE: Lyk my meer na sit en grens. Of is dit dronkverdriet? Jy moet end kry met hierie laatnag suipery…..

MADELEIN: *(Meer in beheer)* Lizzie, jy praat uit jou beurt uit.

LIZZIE: O, nou is jy skielik die madam? Kom nou, Albert, ons help jou omdraai.

So ja. Jislaaik, maar dis omtrent soos die stank uit die doderyk.

MADELEIN: Bliksem, wat het jy nou weer aangevang? Ek het hom gewaarsku. Môre bly hy in sy kamer….

LIZZIE: Die oordeel kom jou nie toe nie.

MADELEIN: Magtag, Albert, kon jy nie die klokkie gedruk het nie? Jy kan die hele dag die remote werk, maar as die nood druk, beskyt jy die bed? Dis nou sommer pure aspris.

ALBERT: *(Verontskuldigend)* En en en….

LIZZIE: Stadig Marreleintjie. Die man kan nie help nie. En hy het die klokkie

…….

MADELEIN: *(Dreigend nader)* Hy kan help, maar hy wil nie. Hy doen dit om my te treiter. As ek my sonde nie ontsien nie dôner ek jou vr…..*(Haal oor om te slaan)*

LIZZIE: Marrelein, as jy vanaand aan die man slaan. Loop haal ‘n skottel water. Ons sal hom van kop tot tone moet was. Dis oraait, Albert. Ons sal nou-nou jou lekker skoon kry en more was ou Liz al jou kooigoed mooi skoon.

ALBERT: *(Kermend)* En en en en…

LIZZIE: Toe nou maar. Toe nou maar. Roer jou, Marrelein. Mens kan ‘n hartverlamming kry van die stank.

MADELEIN: *(Af terwyl ligte verdof)* Ja, ja Liz. *(Tersyde en amper biddend)* En mag die liewe Vader my vanaand behoede!

TONEEL 3

Mv. Liz by wasbak. Madelein op kroegstoel by kas.

LIZZIE: So ja, ‘n lekker koppie tee vir jou en dan loop vat jy kooi. Albert sal vannag hopefully nie weer roer nie. Ek sal maar vir Ouma vir die res van die nag versorg. Ek het die klokkies na my kamer toe ge”tune”.

MADELEIN: *(Skuldig)* Dankie Liz, maaar wanneer rus jy? Dit was my beurt vannag.

LIZZIE: Ek sal more ‘n bietjie later lê. Die wasgoed is in die masjien. As jy dit more vroeg kan uithang……

MADELEIN: Wanneer kry dit als end Lizzie? Hoelank nog kan ek en jy volhou? En wat sou ek sonder jou doen? As jy nie vanaand …..

LIZZIE: Ons praat nooit weer daaroor nie. Hoor jy my? Never.

MADELEIN: Maar Liz, ek moet. Dit kon ‘n vreeslike ding afgegee het. Ek was onbeheersd woedend en kon die man vermoor…..

LIZZIE: Jy sê dit nie! Toe, kry nou kooi. Nag Marrelein.

MADELEIN: Liz?

LIZZIE: Ek het gepraat: Nag Marrelein

(Liz sukkel met sleepdeur wat vashaak)

Bliksemse deur!

(Madelein na mv voor kyk uit oor gehoor asof by venster)

MADELEIN: Dis ‘n mooi nag. Die seisoene gaan die een na die ander verby en ek kom dit nie eens agter nie. Die volmaan streep ‘n wye glinsterpad tot bo by Holbaai. Die water

roer skaars en klots geluidloos teen Haaiklip. So sonder drif. Byna willoos. Soos ek vanaand vir Albert versorg het.

ALTER EGO: Nadat jy hom byna aangerand het.

MADELEIN: Ek's moeg. Wil nie vanaand met kopstemme baklei nie.

ALTER EGO: Jy het hom gewas soos boetedoening. Afkoopboete betaal. Elke veeg van die waslap was soos 'n verskoning. Jy vorder, Madelein. Jy vorder. Of was dit oor jy hom vanaand byna uit die bed geklap het? 'n Man wat skaars 'n vinger kan roer om homself te verdedig.

MADELEIN: Ek skuld hom niks.

ALTER EGO: Maar jy glo hy skuld jou.

MADELEIN: Hy skuld my! Hy skuld my 'n hele lewe. Dis hy wat byna my huwelik met sy kwaadstokery vernietig het. Die kind uit my arms geruk het, my huis oorgeneem, my uit my eie besigheid gedryf het….. En toe?

Toe die lewe vir die een keer gatkant na hom toe draai, toe kry hy beroerte.

ALTER EGO: Siekte is nie 'n keuse nie.

MADELEIN: *(Moeg)* Ag wat help dit tog. *(Praat weer deur die "venster")* Nog nie 'n skuit in die hawe nie. Hulle lê seker met volmaan aan die Weskus op. Nog 'n week langer sonder Daniël – 'n week wat die vangseisoen en my tronkstraf verleng word.

(Hande voor haar gesig af op haar knieë)

Ag Here, hoekom voel ek so Godsverlate?

TONEEL 4

Lizzie by wasbak – skottelgoed word driftig gewas.

Madelein op.

MADELEIN: Môre Lizzie. Nou wat het die skottelgoed gesondig dat jy dit so aanrand? (*Gaap)* Mensig, maar ek het soos ‘n klip geslaap. Liz, vir wat het jy my nie kom roep nie? Ek moes mos vanoggend hier oorvat terwyl jy rus.

LIZZIE: Nou hoe sou ek in die kooi lê, vir jou wakker maak én brekvis maak?

MADELEIN: Jammer Liz. My skuld. Ek het gruwelik verslaap.

LIZZIE: *(Gee koffie aan)* Hier’s jou koffie. Drink dat jy kan wakker word. Marrelein, vanoggend moet ek en jy praat en klaar praat.

MADELEIN: *(Moeg)* Liz, ons praat teen mure in dié huis. Ek praat met twee stom mense in hul beddens, praat met jou rug voor die skottelgoedbak, jou toe kamerdeur en niemand…….

LIZZIE: *(Val haar vanaf skottelgoed in rede)* En jy praat snags met jouself. Tot wie weet watter tyd van die nag. En soggens verslaap jy en ek was skottelgoed…..

MADELEIN: *(Ingedagte)* Ek praat met die kerse.

(Liz laat val ‘n koppie – breek klaterend op die vloer)

LIZZIE: Maar my! Marrelein, kyk wat laat jy my doen! Wat sê jy? Praat met kerse? En ek dag jy spaar krag met die spul kerse wat ek

soggens in die huis kry. Is jy hier onder my oë met duiwelsdinge besig?

MADELEIN: Bedaar Liz, bedaar. Nee, dis nie wat jy dink nie. *(Half verleë)* Ag Liz man, ek is eensaam. Verlang na my man, my vriendinne…. Ag sommer net ander geselskap. En toe begin ek saans met die speletjie. Steek vir vir elke vriendin 'n kers aan en dan verbeel ek my hulle is hier. Ons eet, gesels en drink…

LIZZIE: En dan skink jy vir hulle een dop oppie ander en jy suip dit uit?

MADELEIN: Hulle drink stadiger as ek. Magtag Liz, verstaan jy nie? Ek moet met iemand praat! Ek gaan van my kop af raak.

LIZZIE: As jy nie al klaar is nie. Nou vir wat praat jy nie met Ouma nie? Daar is niks met haar kop verkeerd nie. Sy kan net nie terug antwoord nie. Selle ding as die kerse.

(Kopskuddend wasbak toe)

Fok sê die bok en ek ok.

MADELEIN: Het jy gepraat?

LIZZIE: Nee, nee. Sommer op my pa se resep hardop gedink.

MADELEIN: Vaderland Liz, hoe sal ek nou my moeilikheid met Albert by Ouma gaan uitspoeg? Jy weet net so goed as ek dat sy van hom niks verkeerd wil hoor nie. Bederf hom nog steeds tot in die afgrond in. Het mos altyd. Sy het gister weer haar laaste geld op hom geblaas.

LIZZIE: Jy meen dat die tjoklits wat ek gister vir haar uit die dorp moes bring, eintlik vir hom was?

MADELEIN: Die hele lot! Daar's bokkerol in haar bedkassie. Haar beursie onder die kopkussing kan ek jou voor sweer, is leeg en more moet ek weer vir smeersalf en wat nog by die apteek opdok.

LIZZIE: En dis die spul soetgoed wat laasnag sy maag op loop gesit het. Ai Marrelein, dan was laasnag se gemors eintlik my toedoen. Het hom gister na haar kamer gestoot. Dis vreeslik hoe daai twee na mekaar verlang – al is daar net 'n vertrek tussen hulle.

MADELEIN: Jy kry hulle jammer. En wat van my wat hier tussen twee siekes my dae moet slyt, wie se man dae en nagte op die see bly en met net jou vir geselskap – en jy praat nie.

LIZZIE: Ek praat, Marrelein, ek praat. Soos nou.

MADELEIN: Net oordat jy glo jy moet. Oor jy nou 'n vermoede het my kop het uitgehaak. Jy eet nie saam met my aan tafel nie, drink nie saam met my wyn nie en luister nie na my klagtes nie. Jy glo jy hoort voor die wasbak en in jou kamer. Mevrou is mos mevrou – te hel daarmee dat ek soms net Madelein wil wees. Marreleintjie, as jy my wil troos soos 'n kind, mevrou as jy saans jou kamerdeur toesleep. Toe; soos 'n klip voor 'n graf. Jy, Lizzie, bou skeidsmure tussen jou en my.

LIZZIE: *(Hard en driftig)* Oor ek wil hê dat jy moet uit. Dress jou op en loop gesels met die mense van die dorp. Maar jy, Marrelein, glo nog steeds dat jy skuldig is.

MADELEIN: Skuldig aan wat?

LIZZIE: Aan dit wat Albert jou destyds van beskuldig het. 'n Los vrou. Of hoer as dit dan moet! Net omdat Daniël destyds vir hom geglo

het en nie vir jou nie. Plaas van dit uitpraat met jou man, het jy geloop.

MADELEIN: En toe? Wat gebeur toe? Toe beloof Daniël ‘n nuwe begin. Bou vir my ‘n huis, lok my terug met die belofte dat ons ‘n kind kan aanneem en toe ek mooitjies terugkom, kom daar dadels van. Oor Albert weer alles opf.. opmors.

LIZZIE: Goodness gracious vroumens, dit was omstandighede. Albert het met sy agterent in die hek gesit met ‘n vrou en pap baba. Waar moes hulle heen? Wat anders kon Daniël doen? Dis sy broer.

MADELEIN: Sy broer wat geld verduister het, wat ons huwelik opgefoeter het met sy kwaadstokery. Toe bly hy en sy merrie in my nuwe huis en ek en Daniël in ‘n beknopte woonstel.

LIZZIE: En toe draai die wiel. God slaap nooit. Dit waarvan hy jou beskuldig het, het met hom gebeur. Sy vrou het weggeloop en hom met die kind gelos.

MADELEIN: Wat ek moes grootmaak. *(Snik)* En weer afgee.

LIZZIE: Ek was destyds vir jou jammer, Marreleintjie, maar klein Jan was nie joune nie. Ek het jou oor en oor gewaarsku. ‘n Ma is ‘n wonderlike ding. Ek het geweet sy sou haar kind weer kom haal. Maar wat ek nie geweet het nie, was dat sy Ouma sou saambring.

MADELEIN: *(Verskrik)* Hoe weet jy? Dit was jou afdag.

LIZZIE: Ek het terug gekom – my beursie vergeet.

Klokkie lui in Ma se kamer – sy roep

MA: Dieee…..Dieee…dieee

Klokkie lui weer –geroep dringender

LIZZIE: *(Hard)* Marrelein! Die klokkie – Ouma roep!

MADELEIN: *(Soos slaapwandelaar)* Ja, ja. Ek gaan

Sy staan stadigen steunend op en slof na lv buk oor Ma se bed. Lig verskuif na lv

Lizzie bly werskaf voor wasbak – loer soms by kamer in

MADELEIN: Ma? Het Ma geroep? Is daar fout?

MA: *(Vraend)* Diee? Die?

MADELEIN: Kom ek help Ma op. *(lig Ma teen kussings uit)* So ja. Die arms is alweer kurkdroog. Wag, laat ons roompies aansmeer. *(Sy vryf room aan)* Daar's hy. Wat pla Ma?

MA: *(Byna kermend, soos kind)* Die….diee….dieee

MADELEIN: Het Ma gedink ek het vergeet? Nee, ek het nie. Hy was laasnag onrustig. Ons bring hom…..

MA: *(Val haar angstig in rede)* Die? Die? Die?

MADELEIN: *(Paai)* Nee, nee. Daar is niks verkeerd nie. Hy slaap net laat. Maar ek wil met ma praat.

MA: *(Vraag)* Die?

MADELEIN: Ma moenie weer vir Albert geld gee nie. Of vir Liz stuur om vir hom lekkers te koop nie. Ons gee vir hom wat hy nodig het..

MA: *(Skuldig)* Dieee. *(Opgewonde)* Die die die

MADELEIN: Nee Ma. Hy moenie soveel lekkers eet nie. Hy e.. hy …
Hy het laasnag weer 'n ongeluk in die bed gehad.

MA: *(Huil)* Diee…. Diee …die

MADELEIN: Agge nee Ma. Kom nou. Kom nou. Dis mos nie Ma se skuld nie. Enne ….Ek het hom mooi afgewas. En poeier ook gegooi. *(Sy bly huil en Mad. Troos)*

Sjuu. Sjuu. Kom ek hou Ma vas. Dan slaap Ma ‘n bietjie en as Ma klaar geslapies het, bring ons vir Albert.

Hou Ma in arms vas en neurie slaapliedjie. Lig verdof, Liz loer by kamer in

LIZZIE: *(Fluister)* Marrelein, Marrelein! Sy slaap. Ek het vir jou iets gemaak om te eet. Kom ons trek haar bietjie op. *(Mad. Skuif weg en Ma word toegemaak)* So ja. Verbeel ek my of is sy koorsig?

MADLEIN: Sy was klaerig. Toe het ek haar nog aangepraat oor die geld vir Albert se lekkers.

LIZZIE: Agge nee magtag Marrelein. Moet nou nie weer begin skuld dra nie. Kom, kom ons loop. Sy slaap nou vas. As peaceful as a baby. Miskien verbeel ek my maar oor die koors.

MADELEIN: Liz, ons gesprek van vroeër. Kan ons verder praat.

LIZZIE: Nee hier nie. Gaan eet jou kos. Ek moet eers na die wasgoed omsien.

Liz oor na mv kos op skinkbord vir Mad en haastig af. Mad. lusteloos in kos.

TONEEL 5

Mv. Mad, pak 3 glase en 2 kerse uit en skink wyn Sy hervul die glase van tyd tot tyd en drink uit al drie om die beurt

MADELEIN: Nog ‘n dag van my lewe verby. Op en af tussen ma en Albert, wasgoed, lywe insmeer en Lizzie in ‘n hoek dryf. Maar praat wil sy nie praat nie.

Steek kerse aan.

Komaan girls, as sy nie wil praat nie, is julle nog altyd daar. So ja Janine, daar brand jy. Nou nog net Marie. Naand ou Souf, my liewe, goeie vriendin. Jy weet mos van als. Elke telefoonoproep van Albert laatnag om vir Daniël te vertel van al my kastige boyfriends wat daar by die restaurant uithang – en dit terwyl ek en jy ons hande deurwerk. Aartsadder!

MARIE: Daniël het ook maar gou die verkeerde geglo. Moes hy nie liewer eers vir jou gevra het hoeveel waarheid in Albert se stories steek nie?

MADELEIN: Praat jy. Nee, maar toe moes hy die kroonprins glo. Dié man in wie se skaduwee hy nog sy lewe lank gestaan het. Wat sê jy daarvan, Janine?

JANINE: Moenie so gou oordeel nie, Madelein. Hy het nie daar gestaan omdat hy wou nie, maar omdat hy moes.

MADELEIN: Ja, want hy was mos net ‘n visserman – handearbeider – terwyl boeta Albert die vername en geleerde man was. Witboordjie en witbroodjie. En wat het van die familie se witbroodjie geword? Skuldig aan witboordjie misdaad. Verduister die bank se geld.

En wie staan in? Goedgelowige Daniël. Red sy broer se gat vir die hoeveelste maal, hê Marie?

MARIE: Ter wille van sy ma, Madelein. Kan jy nie dit insien nie? Toegesmeer en die geld inbetaal, want sy ma se hart sou dit nie hou nie

MADELEIN: *(Gillend)* Ter wille van sy ma en ten koste van my en ons huwelik. En wat kry ek? Die "booby"prys. Twee invalides om op te pas. Ek, Janine, is 'n gevangene in my eie huis.

JANINE: Het jy nie aandeel daaraan nie? Vertel Madelein. Jy vermoed tog al lankal dat Lizzie meer weet as wat sy wil voorgee. Kom, sê dit net eenmaal hardop.

MADELEIN: Sy vrou het weggeloop na die debakel by die bank. Ek het hul baba versorg. Die huis wat Daniël vir my gebou het, het Albert, nadat Daniël sy bas gered het, ook op 'n slinkse manier verpand, die geld gevat en agter sy wegloopvrou aangehol. Toe kom hy, sy vrou en sy ma daar by my aan. Kom haal hul kind.

MARIE: Jy was alleen by die huis. Lizzie se afdag en sy…..

MADELEIN: Was dorp toe, of so het ek gedink.

JANINE: En?

MARIE: Ja en toe?

MADELEIN: Hulle wou my kind vat. 'n Nuwe lewe begin. Sy ma het saamgekom as voorspraak. *(Stilte)* Terwille van haar sou ek nie sy dinge uitlap nie. So het hy geglo. Maar ek het nie stil gebly nie. *(Snik)* My God, het ek maar stil gebly. *(Huil onbedaarlik)* Ek wou nie die kind afgee nie, Marie.

MARIE: Breek oop die sweer. Vertel als.

MADELEIN: *(Huilend)* Hy het die kind uit my arms geruk. Sy ma het my aangepraat, gesê ek sal eendag een van my eie hê. Ek het aan haar geskree dat ek nooit een kan hê nie. Dat haar seun nie een verdien nie. Dat hy nie eens ‘n lewe verdien nie. Ek het als uitgeblaker. Sy bedrog, sy agterbaksheid, sy liegstories oor my sogenaamde rondlopery met ander mans. Alles!

JANINE: Het sy hom vergewe?

MADELEIN: Sy vergeef hom daagliks. Stom en woordeloos. En dis alles my skuld.

Sy sit ineengedoke, gesig in hande en huil sag.

Lizzie (kamerjas) beweeg agter haar verby na lv, sagte beligting op roerlose figuur in bed .Lig beddegoed en roep verskrik:

LIZZIE: Marrelein! Ag Jere Marrelein, Ouma is weg.

MADELEIN: *(Stem dik van huil)* Lizzie? Hoe bedoel jy sy is weg?

LIZZIE: *(Beweeg nader)* Jy het gehuil. Was jy by?

MADELEIN: By wat? *(Verskrik)* Wat gaan aan Liz?

LIZZIE: Dis Ouma. *(Huil)* Het sommer ‘n voorgevoel gehad om by haar te gaan inloer. Sy is weg, Marreleintjie. Sommer so in haar slaap.

MADELEIN: Nee! Ag Here, nee! Sy was dan nog vanoggend so rosig mooi.

LIZZIE: Die bloeddruk het seker maar weer opgeskiet. Het jy ook ‘n voorgevoel gehad? Jy het hier sit en huil.

MADELEIN: Ag Vader Liz, dis ‘n huis van trane. Ons moet die dokter laat kom. Is jy seker sy’s ….weg?

LIZZIE: Ek is seker, maar kom, kom ons foun vir dokter. *(Vertroostend en met arm om Mad. af)* Jy sal moet sterk wees Marreleintjie. Daar is nou ‘n duisend en een dinge wat gedoen moet word en jy moet jou kop bymekaar hou …….

TONEEL 6

Lizzie en Madelein van buite af in. Stapklere, kopdoeke ens. Haal doeke af, Trek baadjies uit..

LIZZIE: Ek is bly ons het ‘n entjie gaan stap. Die see was salwend – so na die dag se gewoel met die begrafnisgangers en als.
Ek loer net gou by Albert in. Oom Johannes het gesê hy sal so al om die halfuur by hom inloer, maar mens weet nooit.
(loer by kamer rv in en terug)
Nee wat, dis weer channel hopping vandag. Salig onbewus van ons wat weg was.
(Lizzie by wasbak besig, draai van tyd tot tyd om in gesprek. Mad. hang weer op kroegstoel by kas. Krap met nael in die grein van hout)

MADELEIN: En hier het ek dag vir dag my dae geslyt. Liz, ek verstaan nou eers die uitdrukking: die een se dood is die ander se brood. Ma is onder die grond, die bure is meer as gewillig om ‘n ogie oor Albert te gooi en ek en jy kan vir ‘n slag strand toe loop. Maar

die Here weet ek sal honderdmaal eerder weer dag vir dag in die huis sit, as ek haar net kan terugkry.

LIZZIE: Ja Marreleintjie, ek verstaan. Jy was baie lief vir haar. Jy kan jou daaraan troos dat jy haar goed versorg het. En dit was ‘n decent funeral vandag met ‘n behoorlike lykstasie. Maar nouja, sy was vir jou soos ‘n eie ma.

MADELEIN: ‘n Eie ma en ek het haar vermoor.

LIZZIE: Hoe kan jy dit sê? Die dag van haar dood het jy haar nog soos ‘n baby gesus. Ek het dit met my eie twee oge gesien.

MADELIEN: Lizzie…….destyds, toe sy die eerste beroerte aanval gekry het. Toe Albert….

LIZZIE: Ja Marrelein, ek was daar. Ek het teruggekom van die dorp af. Gehoor hoe jy vir Ouma als vertel, gehoor hoe Marie haar kind vat en vir Albert vertel dat sy nou final met hom klaar is. Gesien hoe….

MADELEIN: Het jy gesien hoe Albert die toeval kry? En toe hy daar lê en ruk en skop en ek verstar staan en niks doen nie, hoe sy ma inmekaar sak? My God Lizzie. Het jy al die tyd geweet en niks gesê en gedoen nie?

LIZZIE: Gedoen het ek wel. Ek het weggeloop en die ambulans gefoun. Omgedraai en kamer toe geloop.

MADELEIN: Hoekom Liz? Hoekom het jy niks gesê nie? Wou jy my beskerm, want Liz, ek was en is waaragtag skuldig aan moord.

LIZZIE: Dit was nie my plek nie, Marreleintjie. En jy het nie moord gepleeg nie. Albert kry van kindstyd al die fits. Die besef dat sy

tyd van doekies omdraai vir sy ma vir altyd gôners was, het net die fit vererger. Bloedklont oppie brein was tog die dokter se verdict.

MADELEIN: En Ma? Hoe verskoon jy my daar?

LIZZIE: Vir Ouma was als too much. Sy het net gekoelêps. Sy het eers later in die hospitaal die stroke gekry. Dit weet jyself.

MADELEIN: Dit was my skuld

LISSIE: *(Praat met haar soos met kind)* Luister jy nou vandag vir my. Jou skoonma het vir Albert vergewe – als. Daniël het jou vergewe. Die wegloop, jou jare se alleenbly by Janine…

MADELEIN: Dit was ook Albert se skuld!

LIZZIE: Vergeet van wie se skuld was wie sin. Begin by jouself. Vergewe jouself, Marreleintjie. Dan sal jy ophou skelm lekkers eet, ophou alleen wyn drink, ophou om Albert te haat…..

MADELEIN: Hoe doen ek dit?

LIZZIE: Ophou huil oor Daniël wat op see is en as hy hier is, sluit jy jouself in die kamer toe. Ontsê die arme man sy huweliksregte…..

MADELEIN: *(Geskok)* Lizzie!

LIZZIE: Sien jy? Dis hoekom ek vir jarre nie gepraat het nie, want dan praat die char uit haar beurt uit. Wanner dit jou pas, skop die “mevrou” in.

Maar nou is ek klaar gepraat. Ek los jou hier. Ons Hemelse Vader het jou lankal vergewe. Hoekom kan jy nie jouself vergewe nie?

(Lizzie skud vadoek driftig uit en af. Mad kop onderstebo by kas)

TONEEL 7

Lv en mv skemer lig op rv Albert in bed werk met remote na tv. Mad oor na lv Skakel tv af, neem remote versigtig uit Albert se hand en gaan sit by hom op bed)

ALBERT: *(Vraend)* En? En?

MADELEIN: Ek wil met jou gesels, Albert.

ALBERT: En? En? En?

MADELEIN: Ek is jammer oor Ma. ….. E ..dit was ‘n mooi begrafnis.

ALBERT: *(Kermend)* En ..en….en…en.

MADELEIN: *(Troos onhandig)* Toe nou maar, Albert. Ek…. Ek bedoel Lizzie is nog hier.

ALBERT: En? En?

MADELEIN: Jy wil weet wat van jou gaan word? Ek en Daniël gaan vir jou sorg, maar op ons voorwaardes.

ALBERT: *(Bang)* En?

MADELEIN: Daar is ‘n plek wat jou kan leer om jouself te versorg. Selfs leer praat. Dokter sê met die nodige hulp behoort jy weer ‘n paar woorde baas te raak. Ons gaan jou soontoe stuur.

ALBERT: *(Verskrik)* En! En!

MADELEIN: Nee, nee, dis nie vir altyd nie. Net totdat jy beter is, want Marie het laat weet klein Jan kan vakansies by jou kom kuier. Hier.

En dan moet jy selfversorgend wees, want ek gaan weer by die eiendomsagentskap werk.

ALBERT: En?

MADELEIN: Jy gaan nie alleen na hom kyk nie. Lizzie bly hier en met my werk is daar baie aftye. ….En…..Albert…. ons kan saam na hom kyk.

ALBERT: Enne dddan ..kie

TONEEL 8

Lizzie en Madelein saam aan gedekte tafel. Wynglase en kerse

LIZZIE: Daar gaat hy en lat hy val waar hy wil! Dat ek nou die dag moet beleef om saam met “mevrou” aan tafel te sit en wyn drink.

MADELEIN: Gesondheid Liz. En hoe moeilik is dit nou? Vir wat jy ook al die jare jou kos in jou kamer wou eet, sal ek ook graag wil weet.

LIZZIE: Mag van die gewoonte. Seker maar dieselfde rede hoekom jy saans agter toe deure met jouself gesels het.

MADELEIN: En myself vol lekkergoed gestop het om die leë kol in my maag te vul – so het ek gedink. Dit was altyd die leë plek in my hart.

LIZZIE: Nog steeds die hartseer oor ‘n kindjie van jou eie?

MADELEIN: Nee, daarmee het ek vrede gemaak. Ek en Daniël is nou al te oud, maar ons het darem weer mekaar.

LIZZIE: Wat het verander?

MADELEIN: Ek was so besig om Albert te haat en myself te kasty, dat ek vergeet het om lief te hê. Onvoorwaardelik, soos Ma. Tot die

dag van haar dood was sy lief vir Albert. Ek besef nou eers dit was nie omdat sy blind was vir sy foute nie. Sy het juis sy foute geken en daarom het sy geweet hy was sy lewe lank ‘n afvlerk kuiken – die soort wat meer liefde nodig het om te oorleef.

LIZZIE: As daar nou ooit ‘n true lady was, was dit oorle Ouma. Bless her soul.

Staan op en begin skottelgoed bymekaar maak.

MADELEIN: Los die skottelgoed, Liz. Môre doen ons dit saam. Kom ons steek nog ‘n paar kerse aan, drink ‘n wyntjie en gesels.

Lag spottend

Skoon vergeet – ek het mos nie meer kerse vir geselskap nodig nie. Jy is mos hier.

Buite dreun ‘n voertuig, iemand druk hard op die toeter

Dis Daniël! Die seisoen se kwota is vol! Liz, hy’s by die huis!

Mad hardloop af en roep buite na haar man.

Lizzie maak borde bymekaar, pak dit argeloos in die wasbak, mik om dit skoon te maak en trek dan skouers op.

LIZZIE: Kerse en wyn julle tweetjies nou maar. Ek gaan kooi toe. My season se kwota is true as God ook vol.

Sy sukkel weer met die deur wat sleep. Gee dit ‘n stamp en los dit dan oop.

LIZZIE: Vir wat sal ek nog sukkel met die halstarrige deur? Die mure in dié huis is anyway afgebreek.

Finis